

Brambles

Beleid oor verskaffers

Brambles Limited

Hersien: 1 Januarie 2020

Weergawe 2.0

BELEID OOR VERSKAFFERS

Brambles is daartoe verbind om 'n verantwoordelike en waardevolle vennoot in die voorsieningsketting te wees, om voort te gaan om 'n volhoubare onderneming te bou wat sy klante, werknemers en aandeelhouders bedien, asook die gemeenskappe waarin hulle woon.

'n Sterk en dinamiese verskaffersbasis is deurslaggewend tot Brambles se langtermynsukses. Brambles maak staat op die kundigheid en vaardigheid van verskaffers om aan klante se veranderende behoeftes te voldoen, en ons werk net met verskaffers wat aan alle toepaslike wetgewing voldoen, waaronder alle toepaslike wetgewing oor arbeid, indiensneming, die omgewing, menseregte, lone en werksure, en gesondheid en veiligheid.

By Brambles is ons daartoe verbind om geen skade nie te bereik. Dit beteken ons is jaag geen beserings, geen omgewingskade en geen nadelige invloed op menseregte nie na. Hierdie verbintenisse word in ons handves oor geen skade nie uiteengesit. Sover dit ons eie werknemers aangaan, verwag ons van ons verskaffers om veilig en met respek vir die omgewing en menseregte te werk.

Brambles is daartoe verbind om met sy verskaffers saam te werk om meer doeltreffende, veiliger en volhoubare voorsieningskettings te ontwikkel deur te voldoen aan die beginsels en waardes wat in die gedragskode en handves oor geen skade nie uiteengesit word en wat deur plaaslike sakebeleide geïmplementeer word, naamlik die volgende:

- Alle sake moet in ooreenstemming met die wetgewing en regulasies uitgevoer word in die land waar die onderneming geleë is;
- Ons verwag van ons verskaffers om regverdig mee te ding in die markte waarin hulle werksaam is;
- Ons verwag van ons verskaffers om te voldoen aan die beginsels wat in ons beleid oor teenomkoopery uiteengesit word. Korrupte praktyke is onaanvaarbaar. Geen omkoop- of soortgelyke betalings sal aan enige party gemaak word of daarvan aanvaar word nie. Daarbenewens moet verskaffers nie geskenke aan enige werknemer van Brambles aanbied wat bo 'n beskeie waarde is nie. Geen werknemer van Brambles sal geskenke bo 'n beskeie waarde aanvaar nie, en geen geskenke of gasvryheid sal in die aanloop tot of gedurende 'n tenderproses of kontrakonderhandelinge aanvaar word nie;
- Ons verskaffers erken altyd dat Brambles se toerusting (palette, RPC's en houers) Brambles se eiendom is. Tensy skriftelik spesifiek ooreengekom is, verkoop ons nie ons toerusting nie en het ons die reg om ons toerusting te herwin.
- Die woorde en dade van ons verskaffers moet respek toon teenoor die diverse verskeidenheid mense en kulture saam met wie ons werk, asook vir hul menseregte;
- Ons verwag van ons verskaffers om 'n kultuur van diversiteit en insluiting te skep en te handhaaf;
- Ons verwag van ons verskaffers om te voldoen aan die beginsels wat in die verklaring oor menseregte in die gedragskode en ons beleid oor menseregte uiteengesit word. Hulle moet voldoen aan dieselfde vereistes oor minimum werkouderdome en verseker dat alle vorms van gedwonge arbeid in hul ondernemings en dié van hul voorsieningskettings verbode is. ;
- Aangesien ons veilig moet werk en beste bedryfspraktyk oor gesondheid, veiligheid en welstand moet toepas, moet ons verskaffers dieselfde doen;

- Ons verwag van ons verskaffers om te voldoen aan die beginsels wat in ons verbintenis tot geen skade nie uiteengesit word.
- Dit is 'n minimumvereiste dat alle werksaamhede van verskaffers aan alle toepaslike omgewingswetgewing en -regulasies voldoen;
- Ons verskaffers moet probeer om hul omgewingsvoetspoor te minimeer wat Brambles op sy beurt sal help om sy klante se negatiewe uitwerking op die omgewing te minimeer;
- Ons verwag van ons verskaffers om 'n proaktiewe benadering tot die bestuur van omgewingsrisiko's te hê en natuurlike hulpbronne verantwoordelik te bestuur, en
- Ons vereis van groot verskaffers in sektore wat 'n hoë impak op die omgewing het om getuienis van hul stelsels vir die versekering van goeie omgewingsprestasie te verskaf.

Brambles sal die volgende doen:

- regverdig en eerlik in alle handelings met verskaffers en subkontraakteurs wees en betalings in ooreenstemming met ooreengekome voorwaardes maak;
- deursigtige en gepaste prosesse aanwend in die verkryging van goedere en dienste;
- 'n omgewing voorsien wat die deling van inligting en idees tussen Brambles en sy verskaffers moontlik maak en dit aanmoedig;
- sleutelmetings ontwikkel en in die openbaar daaroor verslag doen wat die volgende kommunikeer:
 - ons gedrag en handelings as 'n verkryger van goedere en dienste, en
 - die omgewings- en sosiale prestasie van ons verskaffers.
- voorkeur gee aan verskaffers wat hul verbintenis tot volhoubaarheidsprestasie kan demonstreer, en
- gepaste maatreëls ontwikkel en aanwend om die prestasie van strategiese verskaffers te evalueer en dié wat betrokke is in areas of werksaamhede wat Brambles as 'n hoër risiko beskou. Brambles verwag van sy verskaffers om deursigtig te wees en hul prestasie gereeld te evalueer.

Brambles se ondernemings sal proses- en rapporteringsraamwerke ontwikkel en implementeer wat dwarsdeur die groep op operasionele vlak ontplooi en geadministreer kan word, sleutelaanwysers van prestasie ingesluit. Daarbenewens mag Brambles se ondernemings dalk spesifieke verkrygingsbeleide hê waaraan toepaslike verskaffers moet voldoen (bv. hout).

Verskaffers en werknemers moet enige navrae of kwellings rapporteer. As twyfel bestaan, vra advies by u lynbestuurder of enige lid van die regspan.

Verantwoordelikheid vir die implementering van hierdie beleid en hersiening berus by Brambles se uitvoerende leierspan.

Hierdie beleid sal gereeld nagegaan word. Die eerste hersiening sal 12 maande ná die aanvanklike implementering daarvan plaasvind, en dan elke twee jaar daarná.